Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 11 Augustus 1948 No. 38

## Maak Gereed Vir Fees

Die Ossewabrandwag van Louis Trichardt is druk besig om die voorbereidings agter mekaar te kry vir die groot O.B.-fees op 21 Augustus. Oral is offisiere besig om reëlings te tref vir die vervoer van mense wat die verrigtinge wil bywoon, berig ons korrespondent.

# 'n Handdruk Vir Oom Naas

**Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, spreek die volgende waardering uit vir die dienste van oud-sen. I. van W. Raubenheimer, wat na meer as dertigjarige verbondenheid aan die parlement, nie weer as senator herkies is nie:**

Tydens die Tweede Wêreldoorlog, toe die Smutsregering se konsentrasiekampe wydoop gestaan het om republiekeine te ontvang wat gelyk het of hul die republikeinse ideaai wou dien of dit nou met „konstitusionele" (Brits-konstitusioneel) middele was of met dié van die Afrikaner se eie verlede . . . . in daardie dae het die parlementslede ver gestaan van alles wat aktiwisties-republikeins was; manne wat die Afrikaner se republiek hoër geskat het as die Britse konstitusionalisme is deur die parlementslede bestempel as „rampokkers", „saboteure" en luid is beklemtoon dat „hulle is nie ons mense nie".

In al daardie verloënings en disassosiasies was daar net een figuur uit die hele Volksraad en Senaat, wat met onwrikbare trou en onvermoeidheid sy mede-Afrikaner deur dik en dun bygestaan het. Senator Naas Raubenheimer was altyd in die bresse en nooit het hy in die koor van verloëning en verkleinering deelgeneem nie.

Sy loon? Sy plek in die Senaat is gevul deur die Weleerwaarde Miles Cadman, 'n man teen wie se eerbaarheid ons ewe min te sê het as teen oom Naas s'n; tewens 'n man wat die oorlog van A tot Z as generaal Smuts se volgeling gesteun het.

Oom Naas kan intussen nadink oor die erkentlikheid van die Afrikaner in die politiek.

**Buitekant die politiek, egter, in die kringe wat naby aan die gevangenes en die geïnterneerdes en die waaragtig Christelike „Noodhulpfonds" gestaan het . . . in daardie kringe hoef hy nie na te dink nie. Hy is versekerd tot in lengte van dae van die eerbied en die liefde van duisende.**

As ons vertroue deur die weglating van Naas Raubenheimer geskok is dan is dit nie ons



Sen. Raubenheimer

vertroue in hom wat 'n skok gekry het nie; eerder in diegene wat by magte was om die onreg te verhoed en wat hom willens en wetens oor die hoof gesien het.

Oom Naas, ons druk u hand in dankbaarheid!

HANS VAN RENSBURG.

# DUISENDE HERDENK O.B.-VERJAARDAG

**Die eerste berigte omtrent die viering van O.B.-dag dui op 'n skitterende welslae sowel wat opkomste as opbrengste betref. In Transvaal is die groot sametrekkings van 1941 in herinnering geroep toe die Kommandant-generaal 'n gehoor van meer as 3,000 mense op Rustenburg verlede Saterdag toegespreek het. Die opbrengs by die geleentheid was £500.**

Stellenbosch se funksie het ook verlede Saterdag plaasgevind en die eerste opgawes toon dat die bedrag van verlede jaar oorskry sal word. Die opkoms was groot en baie Afrikaners buite die O.B.-geledere het opgedaag. Hoofgenl. Max Smuts het die basaar geopen.

Op Tulbagh het die funksie, waar genl. W. R. Laubscher opgetree het, alleen meer opgebring as wat verlede jaar inbetaal is, en veel meer word nog verwag.

## Feesstemming Op Lichtenburg

**Ruim 800 Afrikaners het verlede week op Lichtenburg saamgedrom om die Ossewatrek en die geboorte van die Ossewabrandwag te herdenk. Behalwe die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, en genl. John Vorster, het ook dr. Jan Steyn, Afrikanerparty-L.V. vir Potchefstroom, en mnr. Fanie Labuschagne, Afrikanerparty-L.V. vir Kliprivier, opgetree as sprekers.**

Die K.G. het verklaar dat die Ossewabrandwag nooit sy republikeinse ideaal sal versaak nie en die draer van daardie ideaal sal bly. Die Afrikanerparty en die H.N.P. is ook sterk republikeins georiënteer, maar hulle het ander pligte ook om te vervul, en daarom is daar min van die Republiek in die afgelope tyd gehoor.

„Die Ossewabrandwag vier vandag verjaardag en as ons terugdink aan wat die O.B. alles deurgemaak het, is dit met genade alleen dat ons sover gekom het. Vir die eerste keer sien ons nou weer dat daar lig opgaan vir die Ossewabrandwag."

### TWEE GEDAGTES

**Die Ossewabrandwag staan vas op twee gedagtes: dié van die Republiek en „ek is my broer se hoeder", en hy het hierdie twee gedagtes ten volle uitgeleef.**

In verband met die partylose ideaal van die Ossewabrandwag het die K.G. gesê: **„Ons het net een tradisie en dit is ons eie tradisie; as ons republikeins is, is dit histories in ons geplant, want dit spruit uit Republieke wat partyloos was. En of hierdie partylose gedagte goed of sleg is, dit is geen vreemde gedagte nie. Dit is 'n Afrikaanse gedagte."**

### BINNE PARTYSTAAT

Maar die O.B. besef dat hy in 'n partystaat woon en dat hy nie afsydig kan staan in die stryd nie en daarom sy kragte by een van die partye moet inskakel. Die deure van die H.N.P. is nog geslote vir die O.B. en al deur wat oop is, is dié van die Afrikanerparty.

„Gooi al u kragte in agter die Afrikanerparty. Die O.B. soek nie vyande nie en het alles in sy vermoë gedoen om dinge te vermy wat onenigheid kan veroorsaak. Die Afrikaners kan nie vandag bekostig om iets te doen wat tot verdeeldheid sal lei nie."

### VERWELKOM

Dr. Steyn het die besluit van die O.B. „uit eie krag en kragtens eie krag" om die A.P. te steun, verwelkom. Spr. is bewus daarvan dat 'n party nooit die hegte samesnoering soos die wat daar binne die O.B. is, kan bereik nie. **Lede van die O.B. binne die A.P. sal die volle regte en verpligtinge van gewone lede dra.**

As voorsitter het opgetree mnr. A. P. Swart, oud-L.V. Lede van die O.B.-wag was op diens. —(Korr.)

## K.G. Word Lid Van A.P.

**Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, en mev. Van Rensburg het verlede week by die Afrikanerparty aangesluit toe hulle lede geword het van die tak op Parys. Die stap is gedoen in ooreenstemming met die Grootraadsbesluit op 28 Julie.**

## Erger Wapens As Kieme En Atoombom

**Geheime wapens wat selfs meer vernietigend en doeltreffend is as die atoombom en kiemoorlogvoering, word tans in Amerika gemaak volgens die aansprake van Amerikaanse wetenskaplikes wat sewe dae in die week aan hierdie wapens werk. Dit sou sekere weerkundige wapens wees. Hulle maak daarop aanspraak dat een persoon in Washington deur 'n knoppie te druk verwoesting in enige deel van die wêreld kan veroorsaak. Tot dusver dra alleen Amerika kennis van die wapens en selfs Brittanje is nie met die geheim daarvan vertrou nie. Besondere voorsorgsmaatreëls om alles dig te hou, word getref.**

Die maak van reën deur droë ys op wolke te strooi, was glo een van die resultate van hierdie navorsing.

## WERK VIR O.B.-DAG

Die O.B.-vroue van die Kaapse Skiereiland is die afgelope paar dae druk besig om van hul laaste kanse gebruik te maak om hul fondse te verhoog. Die O.B. verneem dat verskeie van die afdelings gereed is vir die storting op 16 Augustus in die Ebenezersaal, Maitland. Verlede week het komdte. M. C. Pienaar met die oog op 8 Augustus 'n ete in die Vriendskapsentrum bedien. So ook komdte. A. M. Jeppe wat meen dat sy vanjaar tweede, indien nie eerste nie, op die lys gaan wees.

# Min. Havenga Dink Aan Gewone Man

'n Uiters gewilde begroting is Maandag deur min. N. C. Havenga ingedien. Die vernaamste kenmerke is die groot tegemoetkomings aan die gewone man.

Ten opsigte van inkomstebelasting is die 20 persent toeslag op normale en 25 persent op superbelasting afgeskaf, terwyl die spesiale afslag van £22 in die geval van getroudes vermeerder is na £31 en van £20 tot £22 in die geval van ongetroudes. Daarbenewens is die afslag op kinders van £7 10s. tot £10 per kind verhoog. 'n Man met twee kinders en 'n inkomste van £700 sal by voorbeeld geen inkomstebelasting betaal nie, terwyl kinderlose getroudes eers van £500 af belasting betaal. Die spesiale belasting van £3 op ongetroudes is ook afgeskaf.

Pensioene sowel as lewenskostetoelae aan staatsamptenare is verhoog asook alle oud-stry-



Min. N. C. Havenga.

ders- en burgerlike pensioene tot 'n maksimum van £10 en £6 onderskeidelik. Gesinstoelae is ook verhoog.

Aan die goudmyne is 'n verligting van £900,000 toegestaan.

Die oorskot van £8,900,000 oor die afgelope 10 jaar is aangeword vir skulddelging.

Vir die lopende diensjaar verwag die Minister 'n inkomste van £136,500,000, 'n oorskot van nagenoeg £11 miljoen, waaruit die toegewings betaal sal word.

# ‚SPRINGBOK LEGION' LOODS OOK 'N POEL


**In Kaapstad waar die Britsoorgewaaide voetbalpoele vyf maande gelede begin het, is daar in plaas van een, nou elf sulke ondernemings waarvan een reeds 'n prysgeld van meer as £3,000 aanbied. Sowat 50,000 mense neem reeds weekliks aan die „poele" deel. Intussen is dit ook na ander dele van die land oorgeplant.**

**Onder die nuwes is daar ook een van die „Springbok Legion" wat vir die eerste keer die afgelope naweek begin het. Hierdie organisasie, wat in die parlement al van kommunistiese inslag beskuldig is, neem 15 persent van die opbrings vir homself, terwyl hy 5 persent afstaan vir oud-soldate en 5 persent vir ander liefdadigheid.**

Aangesien daar nou ook maatskappye gestig word vir hierdie vorm van weddery word die wettigheid van die saak glo opnuut deur die Prokureur-generaal oorweeg. Dit is egter hoogs twyfelagtig of dit met iets minder as doelbewuste wetgewing gestuit sal kan word.

## Is Medisyne Noodsaaklik?

*Die Natuurwetenskap sê nee!*



### Die Bron van Siekte

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
**Posbus 1336 — KAAPSTAD**


# HERTZOGISME KRY NUWE STUKRAG IN POLITIEK

**Verlede Vrydag het die volksraad in Kaapstad vergader vir die eerste sitting van die tiende parlement van die Unie van Suid-Afrika. 'n Nuwe Speaker, mnr. Tom Naudé, is in die stoel; 'n nuwe Eerste Minister, dr. D. F. Malan, wat vyftien jaar in opposisie was, sal die verrigtinge in die raad lei; en 'n nuwe Opposisieleier, Jan C. Smuts wat sedert sy vorige opposisieskap die rang van Boeregeneraal met dié van Britse veldmaarskalk verwissel het, sal die kritiek op die nuwe nasionale bewind loods.**

Die Eerste Minister beskik oor die kleinste regeringsmeerderheid sedert Unie en veldm. Smuts voer gevolglik die gedugste opposisie aan.

Die nuwe regering het 'n oorlogsboedel geërf van meer laste as bate en dit is nou sy onbenydenswaardige taak om solvensie te bereik sonder om soveel opofferings te eis dat hy in onguns sal raak by die kieserspubliek. Die huidige opposisie het in die dae van sy regeringskap die laste aangegaan en die bates verkwansel en dit is nou sy taak as opposisie om te verhoed dat die nuwe regering sal regmaak wat hy in sy oorlogsdolheid verbrou het.

### OPPOSISIE-MOTIEF

**So lyk die parlementarisme. Dr. Malan is vandag Eerste Minister omdat veldm. Smuts in daardie hoedanigheid verbrou het; veldm. Smuts hoop môre-oor-môre weer Eerste Minister te wees omdat dr. Malan nie sal kan regmaak wat hy (veldm. Smuts) sedert 1939 verbrou het nie!**

In die nuwe volksraad sal weer opnuut die heilsame invloed van Hertzogisme gevoel word — 'n invloed wat jarelank daar gemis is. Mnr. N. C. Havenga en sy agtal hou nie alleen die balans van mag in die volksraad nie, maar op hulle skouers rus ook die verantwoordelikheid en die plig om die beproefde Hertzog-tradisies te handhaaf — stipte eerlikheid in die politiek in teenstelling met agterbakse uitoorlêery; gelyke regte vir die Afrikaanse en Engelse bevolkingsdele en bowenal volksbelang voor eie- of party belang.

## Politiek in Oënskou deur Waarnemer

**Indien min. Havenga in die nuwe volksraad dieselfde rol gaan speel — en daar is geen rede om dit te betwyfel nie — wat hy in die afgelope verkiesing gespeel het, sal elke Afrikaner opnuut rede hê om dankbaar te wees dat min. Havenga die rustige plaaslike verruil het vir die veeleisende openbare lewe. Min. Havenga is by uitstek die kabinetslid wie se invloed tot vêr buitekant die kringe van die A.P. en H.N.P. strek. Hy geniet 'n „wye" vertroue.**

### DIE SENAAT

Die samestelling van die nuwe senaat het heelwat verrassings opgelewer.

In Natal het die twee A.P.-volksraadslede en hul H.N.P.-bondgenoot daarin geslaag om 'n onafhanklike senator verkies te kry en om sodoende te verhoed dat die V.P. al agt senatore benoem. Dit is 'n harde slag vir die opposisie.

In Kaapland is die enigste sittende A.P.-senator, nl. oom Naas Raubenheimer nie herkies nie. Mnr. Raubenheimer is die enigste nasionaal gesinde senator wat nie herkies is nie en dit ten spyte van die feit dat hy tydens die jongste verkiesing 'n onvermoeide vegter vir die regeringskombinasie was. Dit spreek boekdele dat die enigste nasionaalgesinde senator wat nie herkies is nie juis 'n lid van die O.B. is. As die nie-verkiesing van mnr. Raubenheimer 'n foutiewe oorblyfsel is van 'n gewese vyandskap teen die O.B., is die voorval bloot ongelukkig; maar as dit 'n aanduiding is van onwilligheid om te versoen met die O.B. dan is die voorval beslis sorgbarend.

In die Vrystaat is net twee A.P.-senatore herkies. In die plek van wyle senator H. van Rensburg, wat 'n A.P.-verteenwoordiger was, is 'n H.N.P.-senator verkies. Waar die A.P. dus in die vorige senaat vier lede gehad het, het die party in die huidige senaat maar twee lede.

In Transvaal is dr. H. F. Verwoerd, verslane H.N.P.-kandidaat vir Alberton en redakteur van Die Transvaler tot senator gekies. Dat hy gekies is en nie deur die regering aangestel is nie is nogal betekenisvol. Mens kan verwag dat die Senaat 'n vuriger plek sal wees met dr. Hendrik Verwoerd en mnr. Andrew Conroy daarin, as wat dit andersins sou gewees het.

### PROVINSIALE VERKIESING

Ek het verlede keer geskryf dat die Senaatsverkiesing en dan weer die verdeling van provinsiale setels 'n toets vir die hartlikheid van die H.N.P.-A.P.-samewerking sal wees. Met die senaatsverkiesing is die H.N.P. se vriendskap geweeg en dit het geblyk heelwat onder gewig te wees. **Nou lê die verdeling van provinsiale setels nog voor. Hoeveel setels sal die H.N.P. gewillig wees om vir bestryding toe te ken aan sy bondgenoot die A.P., sonder wie se hulp veldm. Smuts in die algemene verkiesing nooit verslaan sou gewees het nie? Die tyd sal leer.**

Ek lees dat die Transvaalse Nasionaliste nog steeds voortgaan om mnr. Hans Strydom — hul leier — voor te stel as die volgende Eerste Minister. Dit mag onskuldige heldeverering wees, maar aan die ander kant mag dit 'n waarskuwing wees dat die Transvaalse H.N.P. nie sal duld dat min. Strydom „uitgeskuiwe" of „opsygeskuiwe" word nie. Sulke „waarskuwings" klink vir my nie tersake nie. Ek dink dis beslis gepaster om min. Strydom liefs te laat toeneem in gematigdheid en om hom voorlopig maar nog voor te stel as Transvaalse leier en Minister van Lande. So 'n voorstelling sal nêrens 'n verskrikte haas opjaag nie.

### GROOTRAAD

Die Grootraad van die Ossewabrandwag het op 'n spesiale Julie-sitting besluit dat sy lede — behoudens gewetensbesware — by die Afrikanerparty gaan aansluit as aanmoediging vir elke lid van die beweging om insgelyks te doen. Hierdie besluit beteken nie alleen 'n geweldige organisatoriese versterking van die A.P. as sodanig nie maar bowenal sal dit veral twee heilsame gevolge hê. **In die eerste instansie sal daardeur die Hertzog-rigting in die Afrikanerpolitiek kragtig uitgebrei word en in die tweede instansie sal daardeur duisende Afrikaners wat jarelank deur die H.N.P. se vyandskap teen die O.B. uit die parlementêre stryd**

(*Vervolg op bls. 6, kol. 4*)

## ADV. VORSTER EN VERKIESING

**Na verneem word sal die petisie van adv. John Vorster, die onafhanklike A.P.-kandidaat in Brakpan, waarin hy die hof versoek om oor sekere aangebode stembriewe te beslis, op 6 September in die hof getoets word.**

**Petisies van adv. J. H. Snyman teen die verkiesing van minister Ben Schoeman en dié van dr. G. E. N. Ross teen die verkiesing van mnr. S. J. Tighy, L.V., sal waarskynlik op 30 en 23 Augustus onderskeidelik in Pretoria dien.**

In eersgenoemde geval sal, indien die aansoek slaag, geen herverkiesing plaasvind nie, aangesien die petisie versoek dat indien die aangebode stembriefies, wat die meerderheid van twee oortref, aanvaar word, mnr. Vorster as die verkose lid verklaar moet word.

## Vrystaat Se Geskenk

Alle Offisiere en Brandwagte van die Vrystaat (gebied C) gaan vanjaar 'n persoonlike geskenk van 5/- elk aan die Ossewabrandwag gee by geleentheid van sy 10de verjaardag. Het u al u bydrae gestuur? So nie, stuur dit dan voor 30 Augustus aan:— Verjaardagfonds, Posbus 149, Kroonstad.

Sover moontlik gaan elke Brandwag op 4 September die eetmaal in die Kroonstadse Stadsaal bywoon, wat ter ere van die K.G., die Adjunk-K.G. en ons Jeugleier gehou word (hulle sal aldrie teenwoordig wees). Bestel dadelik u kaartjie vir die ete by genl. Steyn Jordaan, Posbus 149, Kroonstad. **Bestel dadelik en voorkom teleurstelling!**

## Sidder Vir Nuwe Vorm Van Vrye Spraak

Amerikaners sidder by die gedagte aan wat hulle wag as gevolg van 'n uitspraak van die hof onlangs dat elkeen die reg het om op straat gebruik te maak van 'n luidspreker. Dit is deel van die reg van vrye spraak, het die regter gesê. Tans word die pers oorstroom met protesterendes wat veral die komende verkiesing in gedagte het wanneer hul nagtelike rus versteur sal word deur 'n luidspreker-oorlog tussen die politieke propagandiste.






**BESTEL ONMIDDELLIK**

**DIE Sun Flame PARAFFIENSTOOF MODEL 555**

Hierdie pragtige stoof met 3 branders bo en 1 spesiale brander in die ingeboude oond, het nou so pas in Kaapstad aangekom teen 'n kontantprys van

**£40**

**Terme:**
**Deposito £5 en 24 maandelikse paaiemente van £1/15/-.**




**Phil Morkel**

★ LANGSTRAAT 105 KASTEELSTRAAT 23
GROOTE KERK-WANDELGANG KAAPSTAD
POSBUS 2721 OOK BELLVILLE EN PAARL


*OSSEWABRANDWAG-DAG*

# CALEDON

**WORD GEHOU OP**

**SATERDAG — 21 AUGUSTUS**

•

**BASAAR** *IN DIE* **BLOMMESKUUR**

**Opening deur Hf/Genl. MAX SMUTS om 11 vm.**

**VERGADERING** *IN DIE* **STADSAAL**

**OM 8 NM.**

**SPREKERS: Gebiedsgenl. Dr. F. D. du Toit van Zyl**
**Mnr. J. S. Labuschagne, L.V. (Kliprivier)**

★

*DIE KAAPSTADSE O.B.-BLAASORKES SAL MUSIEK VERSKAF*

★

**ALLE AFRIKANERS WORD HARTLIK UITGENOOI**

# Grootraadsbesluit Lok Heelwat Kommentaar Uit

**Die besluit van die Grootraad van die Ossewabrandwag waarin hy 'n dringende beroep op sy lede doen om in alle goeie trou hul kragte agter die Afrikanerparty in te werp, is in alle Afrikanerkringe verwelkom as 'n stap in die rigting van Afrikanereenheid en konsolidering van Afrikanerkragte.**

Die Vaderland, amptelike mondstuk van die Afrikanerparty, skryf na aanleiding van die besluit van die Grootraad en die poging van mnr. Havenga om eenheid in die geledere van die volk te bewerkstellig dat die O.B. die hand van vriendskap wat die Afrikanerparty uitgesteek het, in 'n gees van welwillendheid geneem het, en vervolg: „En 26 Mei het getoon wat op die basis van vrywillige gemeenskaplikheid verrig kan word! Die werk van konsolidering is gister 'n stap verder gevoer deur die spontane besluit van die Grootraad van die O.B. om op elke man en vrou in die organisasie 'n beroep te doen om in ‚alle goeie trou' lid te word van die Afrikanerparty, ingeskakel in die Regeringsfront en gelei na die gees van die Hertzog-beleid van Suid-Afrika eerste."

**„WELKOM"**

Die blad vervolg verder: **„Die A.P. roep hierdie bloed- en wapenbroers wat, in die gees van vertroue en van toewyding aan 'n saak wat bo party- of groepsbelange staan, hulle kragte aanbied, 'n hartlike welkom toe. Mag uit hierdie nadere same**werking daardie dinamiese krag ontstaan wat nodig is vir die ernstige en beangstigende tye wat voorlê, en vir die verstewiging van die posisie van die Nasionale Regering." Die Afrikanerparty, skryf die blad, gaan niemand uitsluit nie solank hy dit eens is oor die beginselkwessie wat genl. Hertzog hom ten lewensdoel gemaak het.

**DAGBREEK**

Ook in onafhanklike kringe is die stap verwelkom. „Hierdie stap bring die nasionaalgesinde volksdeel nader aan die hervinding van sy politieke eenheid," skryf die redakteur van Dagbreek, maar beklemtoon dat dit nog nie volkome eenheid bring nie omdat die twee organisasies (O.B. en A.P.) hul eie identiteit behou. Hy meen dat dit in die praktyk die uitwerking sal hê „om die leier van die Ossewabrandwag, dr. Hans van Rensburg, te verhinder om die rol in die Afrikanerparty, en deur die Afrikanerparty in die algemene landspolitiek te speel wartoe sy bekwaamheid en sy gehalte van leierskap hom skyn te roep."

**„EENPARTY-STAAT"**

'n Ietwat negatiewe toon klink op uit die hoofartikelkolomme van Die Transvaler, die enigste H.N.P.-orgaan wat hom oor die saak uitgespreek het. Hy verklaar dat die besluit niks verander aan die bestaande verhoudings nie en dat die O.B. 'n kans laat glip het om werklik iets by te dra tot volkseenheid. „Kon hy nie liewer besluit het om volkome op te gaan in die demokratiese A.P. wie se beginsels hy ook moet aanvaar?" Die blad verklaar dat die O.B. vir 'n „eenparty-staat" staan wat die „kernstelling van die Nasionaal-Sosialisme en die basis van diktatorskap" is.

**ENGELSE MENING**

Die dag voor die Grootraad se besluit, het die Cape Times verklaar dat „politieke waarnemers meen dat die afdingingskrag van mnr. N. C. Havenga, Minister van Finansies en leier van die Afrikanerparty, grootliks versterk kan word binne die kabinet as die Ossewabrandwag sou besluit om te amalgameer met die Afrikanerparty."

Ten slotte verklaar die blad: „Die Afrikanerparty, gelei deur mnr. Havenga en openlik gesteun deur die Ossewabrandwag, sal 'n mag wees waarvan dr. Malan kennis sal moet neem."

## 35,000 ONDER STAATSKEMA

Daar is in Johannesburg bekend gemaak dat die aantal immigrante wat onder die regering se immigrasieskema na die Unie gekom het 35,472 vir die eerste twaalf maande is. Dit beteken dat daar minstens 3,000 per maand in Suid-Afrika aangekom het.

# Een Spioennet Het Inligting Gekry Uit Ses Departemente

**Onthullings oor hoe Amerika se eertydse oorlogskameraad Rusland hom ondergrawe het terwyl Roosevelt hand om die nek met Stalin gesit het, is die afgelope dae weer gedoen toe persone, wat voorheen deelgeneem het aan die Russiese spioenasiebedrywighede in Amerika, getuienis afgelê het voor die kommissie wat hierdie bedrywighede ondersoek.**

**Die kommissie het vasgestel dat die getuienis van mej. E. Bentley gelewer het (sy was een van die spioene) betroubaar is en het getuienis gevind wat haar aanklagte teen 30 staatsamptenare, wat by die spioenasie betrokke is, staaf.** Omdat sy bereid is om „alles te vertel" gaan die Amerikaanse regering haar nie vervolg nie.

Sy het die naam van ene Remington genoem wat destyds lid was van die Raad vir Oorlogsproduksie en wat haar sou voorsien het van syfers wat sy op haar beurt weer oorgedra het. **Die spioenasiëring het inligting uit agt staatsdepartemente ontvang. Dit het die leër en skatkis ingesluit. Op een stadium het sy oor so baie inligting beskik dat mikrofilms daarvan gemaak moes word.**

**SLEUTELPOSTE**

Dan was daar ook ten minste een persoon in die uitvoerende kantoor wat oorreed kon word om Kommuniste in sleutelposisies aan te stel, het sy gesê?

**'n Ander getuie, Budenz, die voormalige redakteur van die Kommunistiese Daily Worker, het verklaar dat die Kommunistiese Party in Amerika gefinansier is deur persone in Hollywood. Die kontant-bydraes uit hierdie bron was so groot dat daar op een stadium 'n geskil tussen verskillende takke bestaan het oor wie die meeste van die geld moet kry, het hy verklaar.** „Ek dra ook kennis dat geld vanuit die buiteland ontvang is."

**„As julle dink dat daar net een spioenasiëring in Amerika is, dan is julle verkeerd", het** hy onder meer verklaar.

## Antwoord Aan Indiërs

Die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, het die Natalse en Transvaalse Indiërkongresse meegedeel dat hy nie bereid is om die besture van die twee liggame te ontmoet vir samesprekings nie. Omdat hulle hul vereenselwig het met wetsoortreding. „Ek sluit ook enige organisasie uit wat Kommunisties georiënteer is of onder 'n Kommunistiesgesinde leier staan."

In 'n brief aan die Natalse Indiërorganisasie wat gematig is, het dr. Dönges verklaar dat hy dié liggaam beskou as 'n geskikte kanaal waardeur samesprekings tussen die Indiërs en die regering gevoer kan word.

## Vrye Mediese Dienste

Vanaf die begin van hierdie maand is alle hospitaaldienste in die Transvaal vry, en kan enige sieke ook vrye behandeling van spesialiteite in hospitale geniet. In die Vrystaat en Kaapland is dit egter heel anders omdat hulle arm provinsies is. Persone uit ander provinsies sal eers bewys moet lewer dat hulle nou permanent in Transvaal woon voordat hulle gratis behandeling sal ontvang.

## Voogdyraad Berispe S.A.

Die Voogdyraad van die V.V.O. het die afgelope week, hoewel hy erken dat hy nie oor genoeg getuies beskik nie, die Unie gekritiseer oor die wyse waarop hy Suidwes bestuur. Daar sou gebreke wees in die gesondheidsdienste, loonpeile en in die onderwys.

Die raad is verontrus omdat die inboorlinge van Suidwes geen stemreg het nie en ook geen verteenwoordiging in die administrasie nie. Verder word beswaar gemaak dat net tien persent van die begroting aan die naturelle bestee word terwyl hulle 90 persent van die bevolking uitmaak. Die raad meen ook dat die regering van die Unie meer aandag aan die onderwys in daardie gebied moet gee.





**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak gewaarborg 100% suiwer eerstegraadse blaar.



Rembrandt

ROOI VIR KURK · GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook".*

**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355

PAROW

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7188) Newtown

**DKB**

**GROOTHANDELAARS BPK.**

**(Voorheen Die Kopersbond Bpk.)**

KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD

FOON 3-0423 POSBUS 2120

***DAMESROKSTOWWE:***

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

***HEMDE:***

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

**Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word**

*Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.*

**Verspreiders van TOOTAL fabrikate**

DIE O.B., WOENSDAG, 11 AUGUSTUS 1948

# NA TIEN JAAR

Dit is hierdie week tien jaar gelede dat die saadjie geplant is waaruit die Ossewabrandwag gespruit het. Binne die Ossewabrandwag moes die gees van volkseenheid en -vryheid wat deur die Ossewaentjies opgewek is, bestendig geword het. Dit was die stigtingsdoel van die Beweging. Na tien jaar kan ons vra in hoever die Beweging aan hierdie doel beantwoord het. **En hierby is dit nodig om in gedagte te hou dat die Ossewabrandwag geen oorlogsbeweging was nie — dit het 'n jaar voor die uitbreek van die oorlog tot stand gekom met 'n VREDESTAAK, en dat die Beweging 'n sekere standpunt tydens die oorlog ingeneem het, was maar net die aanpassing van sy taak by die oorlogsomstandighede.**

Die grootste kenmerk van die Eeufees was die uitbanning van die verdelende partypolitiek waarvan ons volk in daardie swart verkiesing van 18 Mei 1938 'n buitengewone swaar dosis ontvang het. As volk het ons mekaar rondom die waentjies weer hervind as mense wat deur die verlede en toekoms in 'n lotsgemeenskap saamgebind is. **Om die volk saam te snoer tot 'n magtige eenheid bo die partypolitiek was die eerste doel van die Ossewabrandwag. Aan hierdie beleid het die Beweging getrou gebly tot vandag toe.** Sy deure staan oop vir elke vaderlandsliewende Afrikaner wat help om ons volk tot 'n eie bestemming te voer, sonder dat gevra word aan watter party hy behoort. **So sterk het hy by hierdie ideaal gestaan dat hy in 1941 eerder bereid was om sy vernietiging tegemoet te gaan as om toe te gee aan ultimatums wat hom van daardie volkse karakter sou ontneem en die aksiefront maak van 'n enkele politieke party.**

## GROTER SAMESNOERING

Konsekwent deur die oorlogsjare het hierdie Beweging bly pleit vir 'n groter samesnoering van die politieke partye wat in breë dit eens is oor die nasionale bestemming van Suid-Afrika, en net so konsekwent het die Beweging homself buite die partypolitiek gehou, hoewel hy sy lede individueel aangemoedig het om hul deel by te dra op parlementêre terrein. In dieselfde gees is die onlangse Grootraadsbesluit dan ook weer geneem.

Dat die Beweging vandag nie oor dieselfde getalle beskik as wat destyds rondom die Ossewaens in geesdrif vergader het nie, is geen bewys dat hy deur 'n groot deel van die volk verwerp is nie — want dan sou ook die ideale wat deur die jaar 1938 uit die vèr-verlede opgewek is tevergeefs gewees het. Veel eerder moet dit toegeskryf word aan onkunde en die jammerlike toetakeling van die kant van die partypolitiek wat ongewoond was om 'n volksorganisasie te sien wat nie ook sou deelneem aan die uitskakelende stryd om die staatsbewind nie. **Maar in 'n beter atmosfeer van welwillendheid en na die onbetwisbare bewys wat die Ossewabrandwag gelewer het dat hy ten spyte van hewige uittarting nog steeds MET en nie teen ander volksgenote nie sy doel wil bereik, behoort die pad oop te wees vir 'n nuwe waardering van die taak van die Volksbeweging deur diegene wat in die oorlogsjare afgeskud is deur magte van buite.**

## ONS TAAK

Van sekere kant word gemeen dat die Ossewabrandwag se taak ná die parlementêre oorwinning van die nasionaalgesindes nou verdwyn het. **Asof die nasionale Afrikanerdom nie reeds in 1924 'n parlementêre oorwinning ná 'n wêreldoorlog behaal het nie. Die partypolitieke geskiedenis in alle lande — en veral in die Engelse parlementêre moederland — het tog immers getoon dat geen party 'n blywende oorwinning onder hierdie stelsel behaal nie. Die parlementêre wiel draai met die onverbiddelikheid van menslike wispelturigheid.** In 1938, slegs tien jaar gelede, het die Nasionale Party van dr. Malan 'n vernietigende nederlaag gely toe hy maar 'n skamele twintigtal lede na die parlement kon stuur, en vandag staan hierdie party aan bewind, en genl. Smuts **wat in 1924 „vir goed" die imperialistiese aftog voor die opkomende nasionalisme sou geblaas het, soos baie toe ook geglo het, was pas nege jaar daarna weer so gedug dat net 'n koalisie hom toe van die volstrekte mag weerhou het wat hy die afgelope nege jaar met soveel meedoënloosheid gehanteer het.**

Dit sal die taak van die Ossewabrandwag wees om sy ideaal van waaragtige en bestendige volksregering te bly verkondig in die komende jare, en namate die aansien van die huidige regering by die „vlottende stem" begin afneem, sal sy taak om die volk van 'n herhaling van 1939-48 te vrywaar, steeds groter word — **die taak naamlik om die volk te oortuig dat hy alleen heil kan vind binne 'n eie stelsel wat gegrond is op volksamewerking in plaas van partystryd, wat die punte van ooreenkoms soek om op te hou in plaas van die punte van verskil om oor te veg.**

Intussen bly dit ook sy taak om die nasionaalgesinde politieke partye — die instrumente binne die huidige bedeling — sy steun te gee soos hy dit onafgebroke gedoen het sedert sy stigtingsjare, **in die hoop dat ons hele volk hierdie instrumente, sonder uitsluiting van hul hanteerders, op die bestemde tyd sal inruil vir die so hoogs nodige politieke werktuig van die toekoms: die Volkseenheidstaat.**

# Ontwrigting van Duitse Ekonomiese Stelsel

**Die verlamming van die Duitse ekonomie deur die kortwieking van die Duitse uitvoerhandel, sal in die komende dae waarin die Weste die steun van die Duitse volk teen Rusland nodig het, swaar op die gewete van die besetters rus.**

**Die Geallieerde besettingsowerheid het toegelaat dat die Duitse geldeenheid sy waarde op die wêreldmark verloor, met die gevolg dat die binnelandse geldstelsel vervang is deur sigarette as ruilmiddel.** Verder is die Duitse uitvoerhandel aan bande gelê deurdat verhoed is dat daar regstreeks met die Duitsers handel gedrywe word. Alle buitelandse handel moes deur middel van die Anglo-Amerikaanse liggaam bekend as die Uit-en-invoeragentskap, geskied.

Dat dit 'n kortsigtige beleid van die Weste was wat nòg in hul eie guns, nòg in die voordeel van Duitsland was, omdat uitvoer die enigste praktiese manier is om Duitsland weer selfstandig te maak, word nou selfs erken deur vooraanstaande Britse militêre leiers. Onder hulle tel maj.-genl. S. Kirby, eerste Britse militêre administrateur van Berlyn.

## WAARDELOSE GELD

Na die besetting van Duitsland het die besetters Geallieerde militêre marke uitgegee wat gelyk was aan die Duitse mark. **Die uitgifte hiervan het so toegeneem dat dit naderhand geen waarde meer gehad het nie en, gedagtig aan die inflasie na die Eerste Wêreldoorlog, het die Duitsers oorgeskakel na meer tasbare middele soos sigarette, seep, ens., en dit begin gebruik om voedsel, klere en ander lewensmiddele te ruil.**

Die Duitse geld is deur hierdie praktyk langsamerhand vervang en sigarette het die algemene ruilmiddel geword en het 'n omvang aangeneem wat ongekend is in die moderne geskiedenis. Hierdie handel het hoofsaaklik op die swartmark plaasgevind en niemand het meer vertroue gehad in die normale handelskanale nie.

## SIGARETBANKE

**Die sluikhandelaars het „sigaret-banke" gestig waar die ruilwaarde daagliks gekwoteer is. So is by voorbeeld bepaal dat 'n paar kouse vir 20 sigarette geruil kon word. In hierdie spel het die Russe wat die Duitse ekonomie tot die grond wou ontwrig, lustig saamgespeel en die ontwrigting, deur die Weste gestig, aangeblaas.**

Die feit dat die Duitsers die bestaande geldeenheid as waardeloos beskou het en hulle na ander ruilmiddele gewend het, het die Amerikaners en Britte voor 'n probleem geplaas. Die Duitse geldeenheid kon nie meer op die internasionale mark gekwoteer word nie en die Duitse buitelandse handel is gevoelig getref. Om dit te bowe te kom het die Westerse Geallieerdes onlangs 'n nuwe gelykvormige Duitse geldeenheid uit gegee. **Hierin wou die Russe nie saamwerk nie, en dit het aanleiding gegee tot die huidige Berlynse krisis.**

## POLITIEK

Maar nie net hul ekonomiese beleid het die Duitsers vervreemd van die Weste nie; ook hul politieke beleid is tot op die huidige dag so afstotend dat die blad Review of World Affairs dit as „teenstrydig" met hul demokratiese leerstellings beskryf. „Ons gee voor om net teen mense gekant te wees wat 'n Nazi-verlede het, **maar Duitsers weet dat dit in die praktyk nie waar is nie.** Nog altyd sedert die einde van die oorlog is 'n klasse-oorlog gevoer, hoofsaaklik deur die Britte. Heeltemal ongeag of hulle 'n nazi-verlede het, word daar ru opgetree teen meeste aristokrate, grondeienaars en voormalige stafoffisiere. Dit tesame met die gulle begunstiging van sekere politieke partye wat veronderstel word ooreen te stem met die regerende party in Londen, het inderdaad 'n baie slegte indruk nagelaat.

„Die Westerse moondhede sal nooit die politieke stryd in Duitsland wen totdat hulle 'n konsekwente beleid volg op die beginsels waarop die leidende partye in Amerika, Frankryk en Brittanje voorgee te staan nie."

**Die blad beklemtoon ook baie sterk die noodsaaklikheid vir die Weste om ten opsigte van Duitsland te kies tussen 'n versoenende en straffende beleid. Albei kan nie tegelyk gevolg word nie, en as Duitsland vir die Weste gewen moet word, moet daar onmiddellik afgesien word van 'n straf beleid:**


● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**


# LEES U BUURMAN DIE O.B.?

**Nuwe intekenare op Die O.B. stroom nog steeds in. Gedurende die afgelope maand het 240 persone op ons blad ingeteken. Maar dit is nog nie genoeg nie. Elke lid en leser van die blad moet sy omgewing fynkam en intekenare op ons blad werf. Daar is nog baie groot kolle in die land wat braak lê en wag op die O.B.-gedagte.**

**Hoeveel van u bure lees Die O.B.? Vra hulle nog vandag om in te teken en kennis te maak met eenheids- en broederskapgedagte van die Ossewabrandwag.**


*FONDSDAGFUNKSIE*

TE

**PRINS ALBERT**

*op Saterdag, 28 Augustus*

**VANAF 2-UUR NM.**

**SPREKER: Waarskynlik H/Genl. J. Schoeman**

★ *KOM SEKER! — ALMAL WELKOM!!* ★

*OSSEWABRANDWAG-DAG*

**PAARL**

**Die Herdenking van die TIENDE VERJAARDAG van die Ossewabrandwag word vanjaar feestelik gevier op 'n**

**DINEE** *IN DIE* **STADSAAL, PAARL**

***op Donderdagaand, 26 Augustus, om 7 nm.***

●

**HOOFEREGASTE: Dr. en Mev. J. F. J. van Rensburg**
**Dr. Jan Steyn, L.V.**

●

★ *Kaartjies teen 7/6 elk kan verkry word van MEV. GEO. VOIGT, Nantesstraat, N. Paarl; MEJ. E. M. ROUX, Di Rialto, S. Paarl; en by plaaslike offisiere.*

11/8/2

*OSSEWABRANDWAG-DAG*

**KAAPSE SKIEREILAND**

**Die TIENDE VERJAARDAG van die Ossewabrandwag word gevier in die**

**EBENEZER-SAAL — MAITLAND**

***Maandag, 16 Augustus 1948, om 7.45 nm.***

★ ★

**TOESPRAKE: Genle. Erica Theron**
**Gebiedshoofgenl. F. D. du T. van Zyl**

★ ★

● *GESAMENTLIKE SANG: VOLKSLIEDERE*

● **Storting van BYDRAES deur Kommando's**

● *Die OSSEWABRANDWAG-ORKES sal optree!*

# 'N PLIG AS VOLK UITGELEWER WORD

**Komdt. H. W. Kruger, Middelburg (Kaap):** Neef Nico van Stellenbosch, wat 'n tragiese Afrikaner patriotisme; ek skaam my regtig om dit te lees. Hoe Neef Nico die huldiging deur die O.B. van die losgelate politieke gevangenes met 'n Duitse oorwinning kan verbind bewys net sy onkunde.

Neef Nico is seker ook een van die dapper Vaderlanders wat meen as hy net sy kruisie by die stembus gemaak het dan het hy sy plig as ware Afrikaner,

ANDER BRIEWE OP BLADSY 6

volbreng en ook die hoogste offer vir volk en vaderland.

Neef Nico het natuurlik ook nog nie kennis gemaak met die binnekant van Sy Majesteit se tronke en interneringskampe vir die reg en uitlewing van sy Afrikanerskap nie.

Laat ek maar dadelik vir Neef Nico sê dat ek twee jaar agter die doringdraad te Koffiefontein deurgemaak het omdat ek nie net aan die kruisie-trek glo nie.

Was ek nie sover van Pretoria af nie, en ook nie finansieel so swak nie, sou ek, my vrou en al vyf my kinders daar gewees het om my mede-Afrikaner wat ook bereid was om sy lewe te gee vir sy God, Volk en Vaderland, te huldig. My kinders het genoeg gesien gedurende die tyd wat ek in die kamp was om beter te weet. Ek sou ook baie bly gewees het om manne te sien en nie veroordelaars van hul volksgenote soos Neef Nico nie. Aan hom wil ek sê ek en my huisgesin is lede van die O.B. Met die laaste algemene verkiesing het ek en my vrou en een seun vir mnr Steyn gestem, en ons drie en ook die ander wat nie kon stem nie is bereid om daardie kruisie wat ons getrek het te verseël met ons lewe en bloed. Noem dit Eli-liefde of net wat jy wil.

En as Neef Nico soos die gewese Regering ons eersgeboorte reg aan vreemde lande wil uitlewer, dan sê ek nog dit is my heilige plig om my daarteen te verset met alle middele tot my beskikking. Noem dit sonde of Eli-liefde as jy wil.

Moet ek nou aanneem dat Neef Nico die daad van Koning Agab goed spreek toe hy Nabot laat omkom het omdat Nabot hom verset het en geweier het om die erfdeel van sy vaders af te staan? Lees maar 1 Kon. 21 veral vers 3.

Ek onderteken my brief en verwag dat my naam voluit sal verskyn en nie onder 'n skuilnaam soos Neef Nico van Stellenbosch nie.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### SITTENDE MAG

**Mnr. Barry Grobbelaar, P.K. Vryburg, skryf:**

„Neef Nico" van Stellenbosch moet seker een van die papbroeke wees wat briewe skryf sonder sy van. Wat weet hy van die gebeurtenis te Benoni dat hy dit 'n wandaad noem? Maar ek neem aan daardie manne is ook nie van sy mense nie. Laat ek vir „neef Nico" net dit sê: Toe die oorlog uitgebreek het, het dr. Malan saam met genl. Hertzog teen die oorlog gestem. Hulle het daardeur Duitsland se kant gekies. Die O.B. was ook teen die oorlog gekant. Al verskil wat daar was, is dat die O.B. probeer het om iets te doen en die ander het gesit. „Neef Nico" was seker van die sittende mag.

Is hy nou kwaad omdat ons helde vereer en nie papbroeke nie? Het wyle genl. Kemp en komdt. Jopie Fourie ook wandade gepleeg deur hul rebellie? So nie, wat is die verskil? Was alles vanaf Slagtersnek, die Engelse oorlog en die Rebellie dan wandade in die oë van „Neef Nico"?

As hy weer waag om te skryf, laat hy dit dan onder sy naam en van doen.

### SONDER VAN

**Mnr. J. J. Esterhuizen, Klerksdorp, skryf:**

Na aanleiding van die brief van „Neef Nico" oor die huldiging van politieke gevangenes, wil ek hom beleefd vra om stil te bly omdat 'n man wat nie die moed het om sy naam onder 'n brief te teken nie, ook geen besef het van die moed en wil wat Visser en Van Blerk besit nie. U praat van „'n ope graf, moedersmart", dit was daar wel, maar myns insiens het ook daardie seuns geval op die pad van Suid-Afrika al was dit toevallig. Ek sal ook hierby voorstel dat ons 'n kransie op sy graf gaan lê.

(Die dood van die bedoelde persoon, wat in 'n groot mate van geheimsinnigheid gehul was, is indertyd nie deur die staat in verband gebring met die aanklag nie. Geen poging is trouens van vervolgingsweë aangewend om te bewys dat hy deur die ontploffing gedood is nie — wat sonder twyfel sou gebeur het as daar die minste grond vir so 'n bewering bestaan het. — Red.)

### DIE ROOI BUL

**Mnr. J. Bezuidenhout, P.K. Ohrigstad, skryf:**

Ons sien die Rooi Bul is weer besig om stof op te skop, soos oom Paul ons Staatspresident, hom genoem het. Want die Veldmaarskalk is mos deur die beurs van Cecil Rhodes na Europa gestuur om daar te leer en terug te kom om na Pretoria gestuur te word om saam met mnr. P. Nel 'n prokureurskantoor te begin en so te help om oom Paul van die stoel te kry met die presidentsverkiesing. Dit was nog die grootste verkiesing wat plaasgevind het want die rooies aan die Rand het hulle hande diep in die sak gesteek om oom Paul uit te gooi. Toe dit nie wou help nie moes daar oorlog kom. Mag ons bewaar word van nog 'n oorlog.

Hoe het die Rooi Bul nie met ons generaal Hertzog gemaak nie? Laat ons in die verkiesing wat kom, die Rooi Bul vir altyd verslaan. (Verkort-Red.).

Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.

# Van Blerk Sê Hy Was Nie Mislei


**Gedurende die oorlog het vyandiggesindes die O.B. dikwels verwyt dat hy manne mislei het om dade te pleeg wat hulle in botsing met die wet en noodregulasies bring. Na die loslating van politieke gevangenes is die verwyt opnuut die O.B. toegeslinger.**

Die wind in die seile van hierdie persone het verlede week skielik verdwyn met die eerste verskyning van Hendrik van Blerk se mededelings oor sy tronkondervindings in Fleur, weeklikse byvoegsel tot Dagbreek. Hy skryf o.a.:


„Mense, vooraanstaande en welmenende leiers, het gesê ons was mislei. Maar ek het my nooit laat opsweep nie. Menigmaal het ek Afrikanerredenaars woorde hoor sê wat onbesonne gevolge kon hê. Ek het hulle dit kwalik geneem. Miskien het van hulle my en my kamerade se dade veroordeel. Ek weet dat dit die geval was.

„Maar wat ek gedoen het, het gespruit uit 'n heilige oortuiging. Ek huldig daardie oortuiging nog. Die digter Van Wyk Louw het dit in woorde raak geskets: ‚Vir 'n verdrukte volk is 'n rebellie nie gevaarlik nie, maar wat gevaarlik is, is dat 'n geslag verby sal gaan sonder opstand'."

„Wat ek en my kamerade gedoen het, was 'n daad van verset, hoe beskeie ookal, teen die bedreigers van ons volk . . . ."



WEES BESKERM!
MOTOR-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.



Slegs £20 bring u die

KLEINE WONDER
SEMENT-STEENMAAKMASJIEN
Maak volkome reghoekige, welgevormde sementstene op die plek waar u hulle nodig het. U sal tyd en geld spaar in vervoer, messel en pleister. Vier arbeiders kan 4,000 stene per dag maak. Die „KLEINE WONDER" kos slegs £20 v.o.s. Hopefield. Die onderstel kos £10 ekstra, maar enige stewige stellasie is vir hierdie doel geskik.
J. H. BUHR Voortrekkerstraat - Hopefield
Posbus 18 Telegramme: „BUHR"



*Onthou u*
SONDER GEWERE
die opspraakwekkende Roman van S. J. de Jongh? Dit was nr. 1 in die Doringdraadreeks.
★ NR. 2 IS SO PAS GEPUBLISEER . . . .
AGTER DIE DORINGDRAAD IN KOFFIEFONTEIN
*geskrywe deur O. L. NEL,*
gewese kampleier in Koffiefontein waar hy vir 27 maande geïnterneer was.
● *'n Werk vol spanning, avontuur, humor en realisme. 'n Volledige beeld van die Lewe van die Geïnterneerde Boere: Ontsnappings, Hongerstakings, ens., ens. — maar op al die bladsye vind die leser 'n openbaring van die Afrikaner se taaiheid en volharding en onbreekbare wil tot vryheid.*
PRYS 10s. Posvry
(9/- posvry aan intekenare)
AAN: *L. & S. Boek- en Kunssentrum (Afd. O.B.), Posbus 4892, JOHANNESBURG.*
Stuur my asb. .............. eksemplare AGTER DIE DORINGDRAAD teen 10/- posvry. Ek sluit .............................. in ter vereffening.
NAAM: ..............................
ADRES: ..............................
..............................
Handtekening.



★ *Verkrygbaar per Augustus 1948* ★
BOOK OF 40 HOUSE PLANS
by J. H. Felix, A.I.A.A.
TEEN £0 10s. 6d. ELK POSVRY
● Planne vir enige van die huise beskryf in bostaande boek kan bestel word teen pryse aangegee in die boek.
*KOEPON*
*MNR. J. H. FELIX, A.I.A.A., POSBUS 170, BRAKPAN.*
*Waarde Heer,*
*Stuur my asseblief .............. eksemplare van U boek „Book of 40 House Plans" by J. H. Felix, A.I.A.A.*
*NAAM (in blokletters)..............................*
*POSADRES ..............................*
..............................
..............................
4/8/4

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**PATATRANKE.**—Sesmaande 83 lb., 7/-; 3-maande 83 lb., 8/-; sesmaande toppe, 8/- per 1,000; steggies reg vir plant. Ses- en driemaande Borrie, 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER (C./sn.),** P.K. Hoekwil, **George.** 28/7/TK

## GEMENG

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

Drie geregistreerde Rhodesian Rifrug tewe gebore 11/2/48. Riwwe perfek vir teeldoeleindes, weggee prys £2/10/- stuk; moet plek maak vir volgende worpsel.—**KOL. SCHEEPERS,** Upsal, Somerset-Oos. 11/8/2B

Ek bied weer aan my agt weke oud wit Leghorn-hennetjies, uit goeie bloed (uitgesoekte henne en hane). Teen 6/6 elk, K.M.B. Gelewer Lichfield Halt. Stuur hokke terug. — **MEV. P. C. DE CONING,** Alpha Indwe. 11/8/2

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie in 5 en 10 pond kissies. Appelringe 3 Diamant 2/1, Perskes 3 Diamant 2/1, Pere 3 Diamant 2/1, Vye 4 Diamant 2/3, Pruimedante 50/60 1/8½, Rosyne 3 Diamant 10½d., Tros-Rosyne 4 Diamant 1/3, Okkerneute 2/3, Amandels 1/9, per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 4/8/4.

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte 8/6 per ses 1 pond pakkies of 6/3 per 5 pondkissie posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 4/8/4.

**GOUE MILLET,** 90 sak van 'n sak gewen op droë land, kan twee maal gesny word, teen 27/6 per 203 pond, gelewer „Oranje Draai" bushalte. — **P. S. GREYVENSTEYN,** „Oranje Draai", Zastron, O.V.S. 11/8/1.

Speelskeie, bottelvorm teen 3/9; kopskeie 4/6; agtkantig 5/-; dubbelkop 5/6; een paar muilswingels teen 5/6; een trekdonkie 5/-. — **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 4/8/8.

## SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

☞ *Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

# *Afgelope Week In Oënskou*

**Die Uitvoerende Komitees van die verskillende provinsies het besluit dat die provinsiale verkiesings op 9 Maart 1949 moet plaasvind. Die parlement wat teen daardie tyd gewoonlik nog in sitting is, sal in alle waarskynlikheid dan verdaag word om die lede 'n kans te gee om aan die verkiesingstryd deel te neem.**

. . . . .

'n Skeuring in die geledere van N.U.S.A.S. (die Engelsgeoriënteerde studentebond) het plaasgevind toe die Studente Verteenwoordigende Raad van die Kaapse Universiteit verlede week besluit het om hom van die liggaam te onttrek. Daar is verklaar dat die liggaam die speelbal geword het van 'n politieke groep, en beswaar is gemaak teen sy sosiale gelykstelling van blank en nie-blank.

. . . . .

Twee nie-blankes, J. November en F. Titus, het hulle verkiesbaar gestel vir die Goodwoodse munisipale verkiesing wat op 6 September plaasvind. Die stadsraad van Goodwood is een van die weinige stadsrade in die Skiereiland wat geen nie-blankes in die raad het nie.

. . . . .

Die stigting van 'n Afrikaanse studentebond wat hom ten doel stel om alle Afrikaanse studente aan hoër opvoedkundige inrigtings in een organisasie saam te snoer, is aangekondig.

**Die voorstel van Rusland** dat Suidwes-Afrika onder die voogdyskap van die V.V.O. geplaas word, is deur die Voogdyraad verwerp. Onder andere het Amerika, Frankryk en Engeland daarteen gestem.

**RADIOTRONICS**
**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

**Pretoria-Mark.**
**PRINSLOO EN VENTER**
**MARKAGENTE**
**Van der Waltstraat 268**
**Posbus 361 - Foon 2-2208**
**PRETORIA**
**(Mede-eienaar en Bestuurder: J. P. BOTHMA)**
●
**Garansie van £2,500 by die Staat**
●
**Probeer ons vir beter diens!**
*SKRYF OM GRATIS*
★ *ETIKETTE*
★ *MARKVERSLAE ENS.*

# Versetplegers Oorsee Is Helde

**Mnr. J. F. Stemmet, Knysna, skryf:**

„Neef Nico" dwaal in sy brief aangesien Pienaar en Strauss niks te doen het met die ontploffing te Benoni nie. Hulle het teen die goddelose Kommuniste propaganda gemaak en ook teen veldm. Smuts en daarvoor is hulle soos misdadigers in die tronk gestop.

Nou oor Visser en Van Blerk. Ek keur nie sabotasie goed nie, maar as veldm. Smuts en sy mense helde maak van diegene wat in Duitsland en elders sabotasie gepleeg het gedurende die oorlog, dan kan ons ook seker maar vir Visser en van Blerk 'n onthaal gee.

Leer die Woord van God ons dan nie dat wat julle aan die geringste gedoen het, het julle ook aan My gedoen nie? Ons het geweier om verraad te pleeg teenoor ons broers. Hoe kan ons nou ons rug op daardie manne draai? Adv. Swart kom dank toe vir sy vrylating.

Ook 'n woordjie aan die Smuts-aanhangers wat soveel te skree het oor die loslating van die politieke gevangenes. Hoekom het hulle nie ook geskree nie toe Colin Steyn as Minister van Justisie destyds 'n Britse soldaat begenadig het toe hy 'n skandelike moord op 'n agtjarige dogtertjie gepleeg het?

Ons kan nooit dankbaar genoeg wees dat ons nou weer 'n Nasionale regering het nie Danksy mnr. Havenga wat samewerking met sy broers bewerkstellig het. (Verkort).

# *Kommuniste Se Aanspraak*

Die Chinese Kommuniste maak daarop aanspraak dat hulle sedert die burgeroorlog in 1946 uitgebreek het 2,640,000 soldate van die nasionale leër buite aksie gestel het. Die meeste hiervan sou krygsgevangenes wees. Die Kommuniste stel hul eie verliese op 810,000.

# *SOOS ONS LESERS DIT SIEN*

## SONDER DIE „NEEF"

**„Oom Gandhi", Kaapstad, skryf:** „Nico" (Lees tog seker „Sonder Gewere"—die pragtige roman en sê my watter karakter huldig jy, nl.: Ernst of Hendrik?)

Jy is my Afrikaner-neef, en sal dit ook bly, maar weens jou brief oor die huldiging van die politieke gevangenes en jou m.i. verdraaide opvattings en snaakse filosofie van opregte Afrikanerskap, is jy vir my die keer nou sommer net 'n „Nico". Vir die doel van jou moontlike verdeeldheidsaaiery en bitterheidsopsweping haal jy mos die Bybel by en werskaf jy met die opvoeding, die Eliskap en die Godsdiens? Sou die vader van die verlore seun verkeerd gehandel het, toe sy seun weer tuiskom? Wie het nog ooit agting vir die verlore seun se nors broer gehad? Weet jy, Nico, jy is vir my so 'n ware simbool van daardie soort broederskap, wat opgeblase ontevrede bly, oor die vadervreugde (hier Afrikanervreugde) „Die ope graf, moedersmart en trane," wat jy ook so pateties byhaal, is iets waarmee daardie betrokke Afrikaners niks te doen het nie, en jy wil waarlik 'n graf, trane ens. aan hulle laat vaskleef? Ek beskou dit 'n skandaal! Nico, en eindelik wens ek regtig dat die soort wat jy van is, wil nou ophou met daardie soort van gesagstaatverdagmakery! Julle weet mos in julle binneste siele dat die Afrikanerdom se gesagstaatgedagte is **waar die volk die gesag beheer en beoefen** en nie soos jy en jou soort mense wil laat glo, dat dit is soos Hitler of Stalin of wie ook al geregeer het nie. As gebore Republiekein hunker ek juis na daardie gelukkige Paul Kruger-gesagstaattoestande! Wat is daarmee verkeerd? Beoefen hier 'n bietjie introspeksie, neef! En weet jy Nico, baie poskantore was o.a. gedurende die oorlog die laakbare Judas-instrumente om op te vang wat jy en ek in ons huise gesels? Ek sou 'n boek kan skryf oor die aandeel van poskantore en hul bydraes tot Afrikanerlyding in die oorlog! So gesien was daar beslis die wêreld se versagtende omstandighede gewees vir Afrikaners wat gevoel het soos ek, maar wat net 'n bietjie baie meer durf in hulle gehad het, as ek moontlik en **veral, jy Nico!** Wat jou beweeg het om so te skryf soos jy wel gedoen het, kan ek nognie begryp nie!

„OOM GANDHI".

# Hertzogisme Kry Nuwe Stukrag in Politiek

*(Vervolg van Bladsy 2, Kolom 4)*

**geskakel was, nou weer tot groot voordeel van die hele volk aktief op daardie terrein kan saamveg, sonder om hul O.B.-oortuigings prys te gee.**

In verband met hierdie besluit van die Grootraad is die opmerking gemaak dat die benaming „partylose" wat die O.B. se republikeinse ideaal kenskets 'n ongelukkige woordkeuse is, wat in die pad van samesmelting tussen die O.B. en die A.P. staan en wat gevolglik verhoed dat die O.B.-leier, dr. Hans van Rensburg, deur middel van die A.P. die hoogtes bereik waarvoor hy bestem is. Ek beskou so 'n vrees as ongegrond.

### WESE VAN O.B.

Instede dat die benaming „partyloos" ongelukkig is, dui dit volkome die wese van die O.B. aan — wat 'n volksbeweging is. **Voorts beweeg die O.B. en die A.P. immers op verskillende terreine en net soos dit teoreties moontlik is vir 'n man om tegelyk burgemeester en voorsitter van 'n belastingsbetalersvereniging te wees, net so is dit ook teoreties moontlik vir dr. Van Rensburg om O.B.-leier te wees en om terselfdertyd 'n rol in die A.P. te speel. Juis omdat die O.B. en die A.P. op verskillende terreine beweeg, daarom sluit die O.B. en die A.P. nie 'n eleksie-ooreenkoms nie, maar sluit O.B.-lede by die A.P. aan, en veg hulle op die A.P. se terrein onder aanvoering van die A.P.-leier. Dit verhoed nie dat hulle ook op O.B.-terrein veg onder aanvoering van die O.B.-leier nie.** En dit is teoreties moontlik dat selfs die O.B.-leier op A.P.-terrein kan veg onder aanvoering van die A.P.-leier, net soos dit insgelyks teoreties moontlik is dat die A.P.-leier ook op O.B.-terrein kan veg onder aanvoering van die O.B.-leier. In die kerk praat die predikant en in die hof die magistraat.

**Niemand hoef te vrees dat die verskille wat daar tussen die O.B. en die A.P. bestaan tot wrywing sal lei nie. Inteendeel, dis die waarborg van samewerking.** Niemand verwag dat 'n boerevereniging en 'n kerkgenootskap gaan bots nie — elk beweeg selfstandig op sy eie terrein tenspyte daarvan dat hulle dieselfde lede het.

# VETE TUSSEN TITO EN STALIN BRING HOOP VIR GRIEKE

**Die oorlog in Griekeland wat nou al agt jaar lank duur, nader blykbaar nou sy laaste stadium en dit wil voorkom asof 'n beslissing in sig is as gevolg van die terugtrekkings en nederlae wat die Kommuniste onder genl. Markos, die afgelope tyd gely het. Die terugslag van die Kommuniste is die gevolg van die weiering van die Joego-Slawiese leier, Tito, om die Griekse Kommuniste langer van wapens te voorsien as gevolg van die stryd tussen hom en Moskou.**

Waarnemers voorspel dat die regeringstroepe nou in staat is om die Kommuniste uit te jaag, maar of dit tot algehele vrede in Griekeland sal lei, val te betwyfel. Die Kommuniste sal hulle waarskynlik terugtrek in Albanië en Joego-Slawië om hul wonde te lek en terug te keer wanneer die kans hom voordoen.

Dit het gedurende die afgelope tyd nog duideliker geword hoe Rusland, Albanië en Joego-Slawië in Griekeland ingemeng en die Kommuniste van wapens voorsien het. Die weiering van Tito om langer wapens aan die Kommuniste te gee en hul nederlae na hierdie besluit, is die beste bewys daarvoor.

### DIPLOMATIEKE KANALE

Op die oomblik beskik genl. Markos oor agente oor die hele Griekeland wat hom gereeld op die hoogte hou van elke verwikkeling in die land. **Die diplomatieke kanale word gebruik om hierdie inligting aan genl. Markos oor te stuur, berig Review of World Affairs.**

Griekeland beskik, volgens gesaghebbendes, nie oor die nodige wapens om die opstandelinge die hoof te bied indien hulle weer sou toeslaan nie. Hulle grofgeskut is uiters gebrekkig en hulle het feitlik geen lugmag nie. Dit sal die taak van die Weste wees om toe te sien dat Griekeland hierdie wapens kry sodat Rusland in Griekeland verslaan kan word.

Slegs twaalf persent van die Griekse volk het simpatie met die Kommuniste en van hulle is ruim vier persent nie besonder geesdriftig nie.

DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 11 AUGUSTUS 1948.

# BAANBREKERS
## DIE TRIGARDTS

„Al ons moeite en sorg was tevergeefs" het Louis Trigardt verslae uitgeroep toe benewens twee kleinkinders en vier kinders, ook sy vrou op 1 Mei 1838 te Delagoabaai beswyk het. Voor die einde van daardie jaar het ook hy aan die koors gesterf sodat daar slegs vyf-en-twintig reisgenote oorgebly het om met die skip (Mazeppa) wat deur die Natalse Trekkers gestuur is om hul te haal, na die ander Voortrekkers vervoer te word. Teen daardie tyd was Carolus (Karel) al weer verder noordwaarts op soek na 'n landstreek vir sy volksgenote.

### 10 AUGUSTUS

Die laaste aantekening in sy dagboek het Louis Trigardt gedoen op 10 **Augustus 1838**, sy 56e verjaardag. Dit was dus gister presies **165 jaar gelede** dat hierdie vreeslose pionier te Stellenbosch gebore is as die jongste van vier kinders. Hiervandaan het sy ouers na die oosgrens getrek en hul later in die woelige Graaff-Reinet gevestig, waar Louis opgegroei en sy skoolopleiding ontvang het. Op 4 November 1810 trou hy ook daar met Martha Bower wat hom dwarsdeur sy lewe getrou bystaan. By haar dood teken hy in sy dagboek aan: „Mijn Liefste en Dierbaar pand wierd van mijn voor Eewig genomen."

Op sy plaas Bosberg, is Somerset-Oos later uitgelê. Hy moes dit verlaat toe dit onteien is as proefplaas vir tabak. Voor sy vertrek uit die Kolonie het hy dus op de Plat aan die Visrivier gewoon.

Carolus beskou 1829 as die jaartal van hul trek omdat hy in daardie jaar reeds oor die oosgrens gestuur is met al die vee, maar dit was eers in 1833 dat sy vader hom daar by sy seun gevoeg het langs die Wit-Keirivier.

### VAN RENSBURG

Die Trigardt-geselskap was nie groot nie, en onder hul geledere was die ou skoolmeester, Daniël Pfeffer. By Grootrivier sluit nog vyf families by hul-le aan, en later ook „Lang Hans" van Rensburg — tesame tel hul toe 50 mense. Intussen was Trigardt ook gereeld in voeling met die Trekleier Hendrik Potgieter, want albei se mikpunt was noord van die Vaalrivier — hoe verder van die Engelse des te beter!

Nadat die Trigardt- en van Rensburgtrekke weer uitmekaar is, is laasgenoemde geheel uitgewis deur 'n Zoeloe-kommando by die Limpoporivier. Naburige stamme het tot diep in die nag nog skote gehoor, totdat die kruit opgeraak het. Aan Trigardt is berig dat die waens nog net so staan, maar veiligheidshalwe het hy nie self daarheen gegaan nie maar kaffers gestuur om die gewere te gaan haal — en daardie kaffers het nooit teruggekeer nie!

### DELAGOABAAI

In die Soutpansberg wag Trigardt 'n jaar lank op Potgieter, en omdat hy niks geweet het van die moordaanvalle van die Matabeles en die strafekspedisies wat daarop gevolg het nie besluit hy om maar na Lourenco Marques te trek, veral daar die ammunisie en kruideniersware ook al begin skaars word het.

Die trek wat tot dusver interessant en nie al te onaangenaam was nie, is nou 'n wekelange foltering vir mens en dier. Hulle oorweeg dit om die waens te laat staan en te voet verder te reis, maar die vroue het hul aangespoor en nadat hulle ook deur die ongesonde laeveld moes trek, arriveer die geselskap op 13 April 1838 in Lorenco Marques. Nou begin die koors eers sy slagoffers te eis, en binne enkele weke sterf meer as helfte van die geselskap. Intussen stuur Trigardt vir Carolus op 'n ontdekkingstog langs die Ooskus om die land te verken en 'n geskikte woonplek vir die Voortrekkers te soek waar hul 'n eie onafhanklike republiek kon stig.

(Word Vervolg)

# Wie Kan Sê?

(1) Watter kunsskilder, wat ook een van die eerste oorlogskunstenaars in die land was (gedurende die 2e Vryheidsoorlog) moes op een keer mylpale verf vir 'n lewensbestaan?

(2) Watter Boeregeneraal het ná die Anglo-Boereoorlog sy land verlaat en o.a. verskeie toesprake in Noord- en Suid-Amerika gehou?

(3) Watter Boeregeneraal word soms genoem die „Christen-krygsman" omdat hy streng, vasberade en baie godsdienstig was?

(4) Van wie het President Reitz gesê: „Een der dapperste krijgsmannen onder de zon!"?

(5) Die Uitlanderbeweging het hom met heftige verontwaardiging vervul sodat hy op 'n keer die editeur van 'n blad 'n goeie loesing gegee het oor 'n leuenagtige artikel wat hy gepubliseer het. Watter blad was dit?

(6) Watter tipe korps het Danie Theron aanvanklik opgerig waaruit die latere Verkennerkorps gebore is?

(7) Van watter uitstaande prestasie van Danie Theron weet u?

(8) Waar is Generaal Louis Botha gebore?

(9) Wat was die naam van die party wat hy en andere in Transvaal gestig het?

(10) Watter liggaam het die inisiatief geneem met die simboliese ossewatrek van 1938?

(11) Waar het Danie Theron gesterf?

(Antwoorde elders in die uitgawe).

# Tienjarige Herdenking-Seëls

**Om die tienjarige bestaan van die Ossewabrandwag te herdenk gee die Boerejeug 'n reeks aantreklike O.B.-verjaardagseëls uit wat van Die Boerejeughoofkwartier, Posbus 1059 Pretoria, bestel kan word. Die seëls is in stelle van 30 in swart en rooi op 'n wit agtergrond gedruk en kos een pennie stuk.**




# WAT DIE BOEREJEUG VIR MY BETEKEN

Deur Boereseun P. LUYT, Potchefstroom

Deur middel van boekies en pamfletjies het ek vir die eerste maal van die doel en strewe van die Boerejeug gehoor. Ek het 'n groot begeerte gehad om aan hierdie beweging te behoort, maar nooit het ek die voorreg op laerskool gehad nie daar was geen Boerejeugeenheid waarby ek kon aansluit nie.

Toe ek na die Hoërskool is, het ek feitlik geen nuus meer gekry van die Boerejeug nie. Aan die einde van verlede jaar egter, kom een van my maats wat my gevoelens geken het, by my en vra: „Wil jy nie by die Boerejeug aansluit nie? Ons gaan 'n veldkornetskap stig."

Dit was 'n blye vooruitsig om eindelik aan die beweging te kan behoort, en ek het natuurlik dadelik besluit om aan te sluit. Aan die begin van hierdie jaar het ons toe met ons werksaamhede begin, en in hierdie tyd het die Boerejeug vir my al groot betekenis gehad. Die weeklikse byeenkomste was nog altyd vir my 'n groot genot en ook het ek baie daaruit geleer, o.a. van ons volksleiers.

Met hierdie byeenkomste het ek nuwe maats gemaak, maats wat ek op kan staatmaak en maats wat ek weet wat dieselfde dink as ek. Ook het ek tot die besef gekom van die waarde van militarisme en strenge dissipline, en dat die enigste heil vir ons Boerevolk 'n gesagstaat is — die regering wat ook ons voorouers gehad het en waarna die O.B. en elke opregte Afrikaner streef.

Ek het die doel van die Boerejeug leer ken, nl.

(1) dat die Boerejeug hom onder die roepingsbewuste en koersvaste leiding stel;

(2) dat die Boerejeuglid ingewy word in die Afrikaanse Christelike-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing.

(3) dat hy sy volkstradisies leer ken en waardeer, en sy volks-ideale sy eie maak;

(4) dat hy gedissiplineer word tot erkenning en gehoorsaming van alle regmatige gesag wat oor hom gestel word;

(5) dat sy organisasie 'n middel sal wees om leiergawes te ontdek en te ontwikkel en sodoende by te dra tot die vorming van toekomstige leiers op elke gebied;

(6) dat die Boerejeug, sover dit op sy weg lê, elk van sy lede na sy aard en aanleg sal vorm en ontwikkel in voorbereiding vir sy (haar) toekomstaak in diens van God, Volk en Vaderland.

Dit alles het vir my 'n groot betekenis gehad. Ook het ek geleer watter heil dit vir die Afrikanerdom het as ons almal saamstaan as 'n verenigde Boerevolk.

Die Boerejeug het my laat besef dat daar 'n plig is wat op my wag, nl. om my volk te dien en sy heil te soek:

„Daar's 'n nasie te lei
Daar's 'n stryd te stry
Daar's werk!"

Nadat ek al hierdie dinge van die Boerejeug geleer het, het ek 'n duidelike rigting gesien: „Voor in die wapad brand 'n lig!"—ek het naamlik geleer om te streef na en te werk vir: **„My God, my Volk my Land, Suid-Afrika.**

# BOEREJEUGNUUS
## Stellenbosch Het Wakker Seuns en Slim Dogters

Al is die Boland nou ook nat en koud hierdie tyd van die jaar, kan die Boerejeug se ywer nie daardeur gedemp word nie! Saterdagaand, die 24ste Julie, het hul in die Murraysaal 'n Tiekie-aand gehou waarmee hul meer as £10 ingesamel het, nieteenstaande dit so baie geregn het — ons verneem die lekkertafel alleen het £2 gemaak. Ons wil die wakker offisiere, seuns, dogters, en Kleingoed baie hartlik gelukwens met hierdie mooi funksie!

'n Vliegtuig wat elke nou en dan met 'n groot geraas blitsvinnig deur die saal gedreun het, het baie aandag getrek en gehelp om 'n baie vrolike stemming te skep. Dit het beweeg op 'n dun draadjie wat deur 'n deel van die saal gespan was, en die werking daarvan is net soos dié van die spuitaangedrewe vliegtuie. Die Boereseuns wat hiervoor verantwoordelik was, verdien alle lof.

Die twaalf sykraampies het egter ook baie in die smaak geval en groot pret veroorsaak, terwyl die musiek wat die hele tyd deur 'n paar Boereseuns verskaf is, 'n gepaste agtergrond geskep het. Later in die aand is ook Volkspeletjies gespeel op die egte Boerejeugmanier — en wie kan dan nog net staan en kyk!

By die tafels was lekkers, koek, koeldrank, en poeding te koop, en praat van lekker! Dis mos **Boeredogters** daai!

# DISSIPLINE

Veronderstel letterlik die vorming van dissipels dit is volgelinge). Dit veronderstel aan die een kant dat daar leiding is van 'n leier wat voorgaan en aan die anderkant dat daar volgelinge is wat die leiding aanvaar. Die term **tug** beteken oorspronklik (afgelei van 'n ou-Nederlandse woord **tiegen**) en letterlik om te trek; dit veronderstel dat iemand voorgaan en ander agter hom aantrek; m.a.w. 'n leier wat deur sy persoonlikheid en optrede sodanige leiding gee dat ander dit volg.—(Prof. H. M. v. d. Westhuysen).

# Stem U Saam?

„Hy wat 'n wurm van homself maak, kan nie klae as hy op getrap word nie". Kant.

„Hy alleen behou sy lewe en vryheid wat daagliks daarvoor moet veg". Goethe.

„As jy lugkastele gebou het is dit nie nodig dat dit verlore moet gaan nie — dit is waar hulle moet wees . . . sit nou net die fondamente daaronder". Thoreau.

### „ANTWOORDE OP WIE KAN SÊ

(1) Frans Oerder.

(2) Generaal Ben Viljoen.

(3) Generaal C. F. Beyers.

(4) Danie Theron.

(5) Mnr. Monypenny, editeur van die „Star".

(6) 'n Fietsryertransportgangerskorps om as kommunikasie-middel te dien tussen poste wat nie telegrafies met die hoofkwartiere verbind was nie.

(7) Sy besoek aan die Vasgekeerde Generaal Cronje by Paardeberg om 'n boodskap van Generaal de Wet aan hom af te lewer op 24 Februarie 1900. Hy het naamlik onopgemerk heen en terug oor 'n mylbreë terrein, wat op afstande van tien tree deur vyandelike wagte bewaak is, gekruip, of liewer geseil!

(8) Distrik Greytown, Natal, op 27 September 1862.

(9) Het Volk.

(10) Die A.T.K.V.

(11) Op 5 September te Gatsrand gesneuwel.

# NEURENBERG IS ROOI WERKTUIG VAN ONREG SÊ V.S.A.-GELEERDE

**„In Neurenberg word selfs die skyn van regverdige behandeling die beskuldigdes ontsê. Baie van hulle was meer as twee jaar in hegtenis voordat hulle aangekla is en gedurende hierdie tyd is elke verbinding met die buitewêreld hulle belet. Verdedigers is hulle verbied, en elke geleentheid om hul eie verdediging voor te berei, is hulle ontneem terwyl legioene staatsaanklaers met fantastiese ywer gewerk het. Hierdie yweraars het elke verkrygbare dokument vir hul eie doel gebruik. 'n Groot aantal van die dokumente wat dalk as verdediging kon dien, of die beskuldigdes op een of ander manier kon help, het verdwyn," skryf die Amerikaanse regsgeleerde Earl Carrol in 'n brief aan genl. Lucius Clay, Amerikaanse bevelhebber in Duitsland, waarin hy die regsgeldigheid van die vervolging in Duitsland in twyfel trek. Carrol is onlangs verbied om die verdediging van die wapenfabrikant, Krupp, waar te neem.**

Sy brief lui: **„Elke beskuldigde het reg op 'n regverdige behandeling. Dit sou baie moeilik wees om die nageslag daarvan te oortuig dat die verhoor van die verowerdes voor 'n hof van veroweraars regverdig en onpartydig was.**

**„Tog word die Amerikaanse volk deur sy groot idealisme en sy onwrikbare geloof aan die demokratiese regverdigheid gedwing om te glo dat Amerika in 'n posisie is om so 'n verhoor te voer. Die volk het gehoop dat uit so 'n prosedure 'n omvattende internasionale regstelsel sou gekristalliseer word wat as 'n vaste grondslag sou dien vir 'n regverdige en voortdurende vrede tussen die volkere. Neurenberg wat die simbool van geregtigheid sou wees, het ontaard in 'n instrument van wraak."**

**BESPOTTING VAN REG**

Carrol wys voortgaande op die behandeling wat die gevangenes geniet het. „Aan die beskuldigdes is elke geleentheid om met die getuies te praat geweier. Die aanklaers het daardeur 'n belaglike sisteem ingevoer en elke gerug of hoor-sê is as bewysmateriaal aanvaar". Ook is hul besittings vooraf gekonfiskeer sodat hulle nie kon betaal vir hul verdediging nie.

„'n Amper volmaakte stelsel is geskep om getuienis teen die beskuldigdes af te pers en moontlike gunstige getuies te intimideer. **Met diepe skaamte het ek die spot wat Neurenberg met die Amerikaanse regsbeginsels gedryf het, aanskou. Die mense wat daarvoor verantwoordelik is weet dat die euwel wat hulle aangerig het, nie lank verborge sal bly nie. Hulle het onsterflike skande oor Amerika gebring." Orals was daar wraakuitoefening, verklaar Carrol.**

**BEVORDER KOMMUNISME**

„Maar wraak het geen plek in regsuitoefening nie. As 'n forum van suiwer reg, het Neurenberg 'n klug geword. **As 'n werktuig van kommunistiese politiek, is dit magtig en doeltreffend.**

Met verwysing na die denasifikasie-howe skryf die regsgeleerde is dit duidelik dat die doel hiervan was om finansieel en industriële sterk persone in Duitsland van hul besittings en mag te beroof en die Kapitalisme in Duitsland te vernietig.

**„Niks is vir die verspreiding van die Kommunisme van soveel praktiese sowel as propagandistiese waarde as die proses van Neurenberg nie.** Een ding is seker, dat die Amerikaanse volk deur persone in hoë posisies bedrieg is", besluit regsgeleerde Carrol sy brief aan genl. Clay.

## Het Geplunder Aan Verkeerde Kant

Alfred Krupp die 41-jarige hoof van die Krupp-wapenfabriek is verlede week saam met vyf van sy amptenare deur 'n Amerikaanse hof in Neurenberg skuldig bevind dat hy fabrieke in die besette lande geplunder het — 'n voorreg wat volgens die maatstaf van Neurenberg net die oorwinnaar van die eindrondte toekom, te oordeel na die straflose sloping van Duitse fabrieke deur Brittanje, Amerika en Rusland nog op hierdie oomblik.

Krupp is tot twaalf jaar tronkstraf gevonnis terwyl al sy eiendom verbeurd verklaar is.

# Jingo-Maatreël In Transvaal Misluk

Die dubbelmedium-ordonnansie in Transvaal wat 'n paar jaar gelede deur die Verenigde Party onder groot teenstand op Transvaal afgedwing is, is nou deur dieselfde party so gewysig dat dit die einde beteken van die maatreël wat Afrikaanssprekende kinders verplig om sekere vakke in die tweede landstaal te studeer. Die nuwe wysiging hou in dat kinders self kan kies in watter taal hulle eksamen wil doen.

Die maatreël is aanvanklik hoog aangeprys deur die V.P. en sy aanhangers omdat hulle hierin 'n poging gesien het om die Afrikaanse kind te verbrits. Na gelang dit in werking getree het, het dit egter geblyk dat dit die Engelssprekende kinders is wat die meeste gely het omdat hulle die tweede landstaal moeiliker vind.

## Afrikaners Gaan Vir Naturelle Staan

Vir die eerste keer sedert die naturelle verteenwoordiging in die parlement gekry het, het Afrikaanssprekendes wat werklike kennis dra van die naturelle en veel gedoen het vir hul opheffing hulle verkiesbaar gestel.

Hulle is mnr. J. H. van Rensburg, dr. P. J. Schoeman en mnr. A. P. van der Merwe. Mnr. Van Rensburg wat hom verkiesbaar stel vir die Vrystaat as senator het op sy plaas 'n weeshuis vir naturelle opgerig waarin tans 110 naturelle-kinders gehuisves word. Daar is ook 'n kerkgebou vir naturelle op sy plaas. Altesaam het die geboue hom £24,000 gekos.

Dr. Schoeman is 'n bekende Bantoeloog, en sal in Oos-Kaapland staan vir die volksraad, terwyl mnr. Van Der Merwe in Wes-Kaapland sal staan.

Die nominasies vind tot 15 September plaas en die verkiesing op 17 November.


GROOT GEWYDE SANGFEES

**200 Koorlede van die Groote Kerk, Stellenbosch en Parow onder leiding van**

**DR. G. G. CILLIÉ, jr., JAPIE MALAN en DIRKIE DE VILLIERS**

**STADSAAL, KAAPSTAD**

***Donderdagaand, 12 Aug.***

**OM 8 NM.**

*PLEKBESPREKING:*

**UNIEWINKELS**

**ADDERLEYSTRAAT**

| | | |
|---|---|---|
| Volwassenes | - | 3/6 |
| Studente | - | 2/6 |

*Ten behoewe van D.A.H.A.*


# KAAPSTAD HERDENK OSSEWATREK

**Ons hoop dat die Afrikanereenheid wat deur die Ossewatrek tien jaar gelede ingelui is, en daarna weer verbreek is, weldra weer herstel sal wees, het dr. E. G. Jansen, voorsitter van die Eeufeeskomitee in 1938, verlede Saterdag in Kaapstad verklaar toe die Skiereiland die simboliese Ossewatrek herdenk het.**

Dr. Jansen het verklaar dat die Afrikaners alles in werking moet stel om die verbreekte Afrikanereenheid weer te heel en te laat herleef soos tydens die Ossewatrek. Die fees van 1938 het bewys dat die Afrikaner nog agting, eerbied en waardering het vir die prestasies van die Voortrekkers. Tog is daar 'n deel van die Afrikaners in die stede wat ontrou geword het teenoor hierdie ideale. Dit is goed om weer herinner te word aan die geesdrif van 1938, het dr. Jansen verklaar.

Min. P. Sauer het ook die vergadering toegespreek as erepresident van die A.T.K.V.

Die fees in Kaapstad is ingelui deur 'n kinderbyeenkoms wat deur mnr. S. H. Eyssen, L.V. vir Heidelberg, toegespreek is. Mnr. Eyssen het o.a. ook gewag gemaak van sy interneering en in dié verband verwys na die digter se woorde dat die gevaar nie 'n rebellie is nie, maar dat 'n geslag verby sal gaan sonder opstand.

# TWEE L.V.'s VIER SAAM O.B. SE VERJAARDAG

**Wesselsbron se kommando's (C4) het vanjaar reeds op 31 Julie die Tiende Verjaardag van die O.B. gevier deur 'n groot openbare vergadering in die Kerksaal op Wesselsbron, waar genl. John Vorster die hoofspreker was. Wat veral treffend van hierdie vergadering was, is dat twee L.V.'s na baie jare weer plek op 'n O.B.-verhoog geneem het en elk ook 'n paar woorde tot die aanwesiges gespreek het. Hulle was mnr. Jan Viljoen van Vryburg en mnr. H. S. Erasmus, L.V. vir Hoopstad. Mnr. Erasmus het met die afgelope verkiesing ook 'n ooreenkoms met die O.B. aangegaan.**

Die vergadering was goed bygewoon deur groot getalle andersdenkendes, wat telkens adv. Vorster spontaan toegejuig het. Aan die end van sy toespraak,



Genl. Adv. John Vorster

wat deurgaans die O.B.-gedagte sterk na die voorgrond gebring, die O.B. se stryd gedurende die oorlogsjare behandel en sy toekomstaak duidelik omlyn het, het almal teenwoordig hom geesdriftig toegejuig.

In sy bedankingswoord aan genl. Vorster het die voorsitter komdt. Attie Prinsloo, gesê dat elke Brandwag na al die jare van ongelyke stryd en teenslae weer sy bors gaan uitstoot en vriend en vyand reg in die gesig gaan kyk.

Komdt. Prinsloo deel mee dat hulle geld-insameling vir O.B.-dag nog nie afgesluit is nie, en dat kollektelyste nog in die distrik rondgaan. Tot dusver is reeds 'n pragtige bedrag gein waaronder etlike bydraes (selfs soveel as £5 van een persoon) van mense wat tot kort voor die verkiesing nie een goeie woord vir die O.B. gehad het nie.

## INLYWING VAN SUIDWES

Die Administrateur van Suidwes-Afrika het die afgelope week die voorstelle van die twee politieke partye in Suidwes aan dr. Malan oorhandig in verband met die inlywing van die gebied by die Unie. Die beslissing van die kabinet sal nog hierdie sitting bekend gemaak word.

Die partye het blykbaar ooreengekom om sitting vir agt lede in die volksraad te vra en ses in die senaat, maar stel glo as voorwaarde dat Suidwes onafhanklik bly wat geldelike sake betref.

## Mnr. Tom Naudé Moontlik Administrateur

Die nuwe speaker van die volksraad is mnr. Tom Naudé, L.V. vir Pietersburg, terwyl sen. C. A. van Niekerk gekies is as president van die senaat.

Dit is feitlik seker dat mnr. Tom Naudé net vir hierdie sitting as Speaker sal optree, aangesien hy reeds genoem word as die opvolger van genl. J. J. Pienaar, die huidige Administrateur van Transvaal wie se dienstyd binnekort verstryk. Dr. D. G. Conradie, Afrikanerparty L.V. vir Uitenhage, wat tans dien as voorsitter van komitees in die volksraad, sal blykbaar die volgende Speaker wees.

# Genl. Schmidt Oorlede

„Dit is met opregte meegevoel dat ek 'n kransie lê op die graf van wyle genl. A. F. Schmidt van Bloemfontein. Vir my was hy 'n ware en opregte Brandwag en gedurende die tyd wat ek waargeneem het as Gebiedsgeneraal het hy my met raad en daad bygestaan", skryf hfgenl. J. F. van der Merwe van Kaallaagte, Oranje Vrystaat. Sy opregte strewe nie alleen as offisier in die Ossewabrandwag nie, maar as een van die strydende burgers gedurende die Vryheidsoorlog, getuig van die opregte en getroue hart wat in hom geklop het.

Sy huis was altyd oop vir sy O.B.-kamerade en vir almal het hy 'n warm handdruk gehad en ware Boeregasvryheid.

Genl. Schmidt, wat onlangs in 'n ongeluk oorlede is, het as jong man by die Boeremagte te Vrede aangesluit. Later is hy as krygsgevange na Indië gestuur. Hy was een van die eerste O.B.-generaals en was dit tot die einde.

Ons opregte meegevoel aan mev. Schmidt.

**„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.**